Laerskool Wittenberg

Posbus 501; Piet Retief; 2380
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804
Selnr. 071 604 3344
Faks: 086 517 5294
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com

18/08/2020

Geagte ouer.

Ons is baie dankbaar dat ons nou op vlak 2 is in die grendeltydperk. Dit beteken dat ons toegelaat is om weer die busse teen volle kapasiteit te kan loop.

Vanaf Woensdag (19/08/2020) ry al die voertuie vir al die kinders weer die normale roete soos in kwartaal 1. Dit beteken die Piet Retief bus vertrek om 06:20 vanaf Foodpack en stop slegs by die rugbyveld en by Adolf Hinze.
Die Paulpietersburg bus vertrek om 06:15 vanaf die Garage en sal ook die Commondale leerlinge optel.
Die Quantum sal om 6:30 die leerlinge soos in kwartaal 1 by Radio Inn (Maritz str.) optel.

Skool begin dus 07:15.

Noudat al die kinders weer saam by die skool opdaag en saam sal vertrek, kan ons die rooster weer aanpas. Hierdie week sluit ons egter nog steeds om 15:00 (behalwe Vrydag). Ouers mag gr.1 tot 3 leerlinge om 14:00 haal. Die wat bly sal in die klas huiswerk doen of speel tot 15:00. Ons sal u in kennis stel wat die reëlings vanaf volgende week sal wees.

Skooldrag: Die reëlings i.v.m. skooldrag bly dieselfde. Kinders moet almal steeds ’n masker op die bus en by die skool dra! Al die Covid-19 reëls geld steeds by die skool.

Vir enige navrae of onduidelikhede, kontak asseblief Mnr. Lilje.

Groete,
Mnr.Lilje